STIL! DIE HERE KOM!

Dies irae

Dies irae, dies illa….
Die dag van wraak, daardie dag!

Aandagtige stilte

Die 'dies irae' is ontleen aan Sefanja 1:15 en 16.

> Die dag is 'n dag van grimmigheid,
> 'n dag van benoudheid en angs,
> 'n dag van woestheid en verwoesting,
> 'n dag van duisternis en donkerheid,
> 'n dag van wolke en wolkenag,
> 'n dag van basuingeklank en krygsgeskreeu teen die versterkte stede en teen die hoë hoekvestings.

In Sefanja se tyd het die mense die dag van die Here na die verre toekoms uitgeskuif. Dit het mos goed gegaan? Daar was welvaart. Aan God word nie gedink nie. Hoekom sou Hy Hom met hulle bemoei? Hy doen geen goed en Hy doen geen kwaad nie. Hy doen niks nie. Hulle het Hom nie nodig nie. Hulle vrees Hom nie eers meer nie. Hoekom sou hulle? Hulle kan hulle eie sake reël, op hulle eie manier. God gryp tog nie in nie.

So het hulle altans gedink. Maar die profeet kondig aan dat God binnekort sal ingryp. Hy is baie beslis daar! Hy laat Hom nie negeer nie. Die dag van die Here is naby! Stil! Swyg voor die aangesig van die Here HERE!

Stil! Weet verseker dat die Here kom!

Stil! Aandag vir die Dag van die gerig. Dit beteken: ondergang.

Huiwerende stilte

Hulle was baie besig met hulle eie dinge. Hulle wou hulle welvaart geniet. Hulle was daarop geregtig, dit was welverdiend. Vir God het hulle geen tyd gehad nie. Nie eers aandag daaraan geskenk nie.

Stil! Beef voor die aangesig van die Here. Jam nou kon hulle nie meer 'n woord uitkry nie. Hulle was met stomheid geslaan. Die oordeel gaan hulle tref. God se gerig oor Israel. Hulle het daarmee nie rekening gehou dat die Here teenwoordig is nie. Daarom gaan Hy hulle straf. Dadelik.

So iets is baie ontstellend. Ook vir die mens vandag.

Destyds het hulle grootmond en selfversekerd geleef asof God nie bestaan het nie. Totdat Hy gekom het. En toe weet hulle nie meer wat om te sê nie. Hulle het niks meer gehad om te sê nie.

Om stil van te word

Die dag van die Here is die dag van oordeel! Dit mag ons nooit vergeet nie. Ons is gewaarsku. Ons mag nie leef asof Hy nie daar is nie. Ons kan die dag van Christus se koms nie vorentoe,

uitskuif nie. Hy kom. God sal Hom laat geld. Hy is daar. Hy kom ook in Sy toorn: “Dan sal hulle vir die berge sê: Val op ons! En vir die heuwels: Bedek ons!” (Luk 23:30) Eerder dat die berge op ons val as dat ons die groot Dag beleef.

Maar vir die wat hulle heil by die Here Jesus soek, is geborge as God se toorn ontbrand. Want God het die oordeel op Hom laat neerkom. Die kruisigingsdag was vir Hom ‘n dag van algehele verlatenheid. ‘n Dag van benoudheid. ‘n Dag van angs en duisternis.

As ons by Hom skuil, dan het ons rus.

B C Buitendijk

© 2013
www.christelikebiblioteek.co.za